

19 Oktober

**Skrifgedeelte: Psalm 139:13-18**  
**Fokusgedeelte: NGB, Art 24**

### **Ons bekwaamheid is uit God**

Op aarde word geskiedenis by nabaat geskryf, maar in die hemel skryf God geskiedenis vooruit. Al ons lewensdae is in God se boek opgeskryf nog voor ons gebore is (vers 16). Alle gebeure en belewenisse van hierdie dag, alles wat jy vandag vir God moet doen, staan dus reeds neergeskryf! Dit is waar vir ELKE dag van jou lewe!

Met hierdie bekende inligting begin God met jou skepping. Die boek met jou lewensgeskiedenis lê oop op sy skoot, wanneer Hy jou aanmekaarweef (vers 15). Veelkleurige sydraad en woldraad gebruik Hy; staalraad op party plekke, en hier en daar ook 'n bietjie gouddraad. God wéét hoe jy moet wees om aan jou lewensdoel te beantwoord. Uiteindelik kyk Hy tevrede na die voltooide weefstuk. Dit pas presies op die plan in sy boek.

Dan word jy gebore. Dag vir dag vou die blaaie van jou lewensboek oop. Elke dag ontdek jy opnuut wat God se gedagtes vir jou lewe is. Partykeer kan jy nie glo wat met jou gebeur nie. Ten spyte van val en opstaan, beleef jy elke keer: ingeweef in jou diepste wese lê die gawes wat nodig is om aan God vas te hou, om Hom te bly dien. Uiteindelik ontdek jy dat jy in 'n spesifieke oomblik tóg van die regte stoffasie was.

Dan kom die dag wanneer God se gedagtes vir ons lewe hier op aarde klaar is. Die weefstuk het sy doel gedien en ontrafel. Wat dan? Dan begin die ewige wonder om met God SELF te doen te hê (vers 18)!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*